



In hierdie uitgawe:

- ◆ *In die sentrum van ons Christelike geloof - Paasboodskap* p1
- ◆ *Woord deur die Voorsitter* p2
- ◆ *Die herposisionering van witmense* p4
- ◆ *Enkele gedagtes oor sosialisme* p5
- ◆ *Onteiening sonder vergoeding* p7
- ◆ *NWU Taalbeleid* p8
- ◆ *'n Reis van hoop met die oor op die grond* p9
- ◆ *Ons moet nie die mentaliteit in die politiek toelaat nie* p11
- ◆ *Eeufeesjaar / KKNK ontbyt* p12

In die sentrum van ons Christelike geloof

Deur Ds Wim Slabbert, Pretoria

Paasfees is die betekenisrykste van al die Christelike feesdae op ons godsdienstige kalender. Die rede is dat dit die twee kernegebeure herdenk wat in die sentrum van ons Christelike geloof staan.

Paasfees herdenk die dood en die opstanding van Jesus Christus in die jaar 33 na Christus. Die woord Paasfees het sy oorsprong in die Hebreeuse woord Peshag vanwaar ook die woord Pasga kom – daardie aandmaaltyd wat die Jode gevier het ter herinnering aan die verlossing uit Egipte.

Peshag beteken: verbygaan. Dit verwys na Exodus 12: 22-23 waar vertel word van die tiende plaag in Egipte: Die dood van die Egiptenare se eersgeborenes

Vers 22 Neem 'n bossie hisop, doop dit in 'n bak met bloed (van die paaslam) en smeer die bloed aan die bokant en die sykant van die deurkosyn. Nie een van julle mag by sy deur uitgaan voor die volgende môre nie.

Vers 23 As die Here verbykom om die Egiptenaars te tref, sal Hy die bloed aan die bokant en die sykant van die deurkosyn sien en dié deur oorslaan. Hy sal nie die dood in julle huise laat kom om julle te tref nie. Paasfees is die fees van die oordeel wat verbygaan. Die doodsengel het hulle huise oorgeslaan. Hulle is die smart gespaar van die verlies van hulle oudste seuns.

Die Kerk van die Nuwe Testament vier Paasfees omdat Jesus in die plek van sondaars kom sterf het:

Jesus is die Paaslam. God se oordeel gaan by ons verby en dit kom neer op die Seun van God. Hy sterf in ons plek.

Hy daal ter helle neer (Apostolikum): Hy versink in onuitspreeklike benoudheid, smarte en verskrikking. Hy beleef die hel: volkome godverlatenheid.

Dit gebeur sodat ons nimmermeer deur God verlaat sal word nie. Die herdenking van Goeie Vrydag laat ons onthou: God het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. (Rom 8: 32)

Daaroor kan ons juig! (Houtkruis) ❖



**As Afrikaners bou ons saam aan
die toekoms van Suid-Afrika**

Woord deur die voorsitter

Woord deur die voorsitter

Jaco Schoeman – Voorsitter van die Nasionale Raad

Die Grondwetlike kenner dr Bertus de Villiers het reeds in 2010 in 'n artikel getiteld, "Julle het my droom gesteel" – daarop gewys dat die Suid Afrikaanse "Grondwet 'n wêreldklas-dokument is" maar die wyse waarop dit bestuur word, dit tekens toon van 'n "wêreldklas-gemors."

Net soos wat 'n onsporthere speler 'n nuwe krieketbal kan krap om omgekeerde swaai te kry, net soos 'n kuberkraker die beste rekenaarprogram kan oopkrap om met dieselfde effektiwiteit die omgekeerde te doen kan 'n wêreldklas grondwet deur moedswillige politici ondergrawe word en die gees van die grondwet totaal op sy rug keer. Dit kos net 'n klein bietjie vuil bloed om die bruisende are van 'n lewenskragtige demokrasie binne te dring en so te kontamineer dat dit verlam raak of selfs vernietig word. Hierdie verskynsel ervaar ons daagliks wanneer ons sien hoe 'n klein groepie Suid-Afrikaners met 'n rewolusionêre agenda die meerderheid Suid-Afrikaners aan die neus probeer lei.

Dit kos net 'n klein bietjie vuil bloed om die bruisende are van 'n lewenskragtige demokrasie binne te dring en so te kontamineer dat dit verlam raak of selfs vernietig word.

Die Suid-Afrikaanse grondwet gebou op demokrasie laat tans nie reg geskied aan beide begrippe, 'n demokrasie wat ook die belange van minderhede gedien word, of 'n grondwet wat nie-rassig, nie-seksisties is, 'n ekonomie wat vryemark beginsels handhaaf en eiendomsreg waarborg, of kulturele vryheid beskerm, en meer nog, veiligheid en sekuriteit kan handhaaf nie. Ons grondwet word tans so ondergrawe en gerysmier deur ander belange en onder ander voorwendsels dat enige wolf of drie varkies dit binnekort gaan en kan omblaas.

'n Remedie vir so ernstige situasie is baie moeilik. Behalwe vir die politieke wil en staatsmanskap benodig dit ook 'n gesonde staatkundige werkswyse. Die Afrikanerbond het hom reeds verbind tot die daarstelling van so 'n werkswyse wat hy tans toets en ontwikkel met al sy strukture en bondgenote en sal by die Bondsraad tydens die 100 jarige viering verder beslag kry. Dit sal egter ook nasionaal 'n politieke wil en goeie staatsmanskap vereis en dit is tans problematies. 'n Politikus leef en werk net vir die volgende verkiesing, terwyl 'n staatsman leef en werk vir 'n volgende generasie.

Die gekontamineerde vuil in die grondwetlike bloed het reeds vroeg die grondwetlike waardes ingesypel en het die bruisende are van ons demokrasie en brose nasiebou vergiftig, besmet en verlam. Dit sien ons elke dag in die politieke proteste, haatspraak en politieke retoriek oor grond.

In 2008 in Alberton het die destydse direksie van die Afrikanerbond, na 'n intense gesprek oor die eerste vreemde en onverklaarbare afwykings in die gees van die grondwet, besef dat die Nasionale Demokratiese Rewolusie groot gevaar vir die land inhou. Ons het daarna omvangryke studies oor die onderwerp laat doen en aan ons lede versprei. Die Afrikanerbond het saam met die F W de Klerk stigting en verskeie ander organisasies, hierdie ideologie se masker probeer afruk voordat hy die land se bloed totaal vervuil.

Stelselmatig word die noodsaaklike waardes, broodnodig vir lewenskragtigheid en sukses, soos vrye mark, eiendomsreg en 'n markgerigte ekonomie, verlam.

Stelselmatig word die noodsaaklike waardes, broodnodig vir lewenskragtigheid en sukses, soos vrye mark, eiendomsreg en 'n markgerigte ekonomie, verlam. Ons word oorgelewer aan die giere, beheer en wispelturigheid van 'n nuwe meester, 'n regering wat met magshonger alles wil sentraliseer en wil beheer. 'n Regering wat bedreig voel deur minderhede wat werk vir selfstandigheid, erkenning vir meriete, soewereiniteit en subsidiariteit.

Staatskaping en korrupsie het bykans die laaste bloed uit die ekonomie gesuig en die skade wat dit berokken het is by verre nog nie verreken nie en kan in die tyd en omstandighede waarin dit hierdie jong demokrasie getref het, reeds as een van die grootste misdade teenoor die mense van Suid-Afrika bestempel word – meer nog, omdat dit nog nie finaal uitgespeel het nie en die argitekthe daarvan steeds veilig in gerieflike paleise in die skemerwêreld versigtig weldeurdagte skuiwe maak.

Die dissipels van hierdie ideologie, is onwetend ook die slagoffers van hierdie ideologie en hul teer op oorlewings rantsoen van rassisme, vergelding en desperate soeke na mag. Die blaam op die verlede word die mo-

(Vervolg op p3)

Woord deur die voorsitter (verv)

tivering van die hede se vergrype en ongeregthede. Met die oë gevestig op die truspieëltjie sien jy nie die slag- en sinkgate in die pad reg voor jou nie. Max du Preez het onlangs verwys na 'n aanhaling van Hunter S Thomas wat lui "When the going gets weird, the weirds get going"

Net die belastinggeld (bloedgeld) wat Suid-Afrika verloor het deur korrupsie net met Eskom asook die geld vermors aan onsuksesvolle grond herverdeling weens departementele versuime en wanadministrasie kon meer as 25 000 plase van R5 Miljoen elk aangekoop word vir nuwe toetreders tot landbou. Dit sou 'n groot impak gehad het indien in aanmerking geneem word dat daar tans maar net ongeveer 35 000 boere is wat geregistreerd is vir BTW. 'n Vuisvoos landbou gemeenskap en wat hulle telkemale verbind het tot grondherverdeling word weer blameer vir vandag se probleme. 'n Regering wat reeds so korrup is en deur wanadministrasie en onbevoegdheid geteister word, staan nou aan die voorpunt om nog meer grond sonder vergoeding te eis en sal nie skroom om die grondwet daarvoor te verander nie.

'n Vuisvoos landbou gemeenskap en wat hulle telkemale verbind het tot grondherverdeling word weer blameer vir vandag se probleme.

Daar is voorheen in hierdie rubriek verwys na mnr. Ramaphosa se onderhoud in die 1990's met Dr Mario Oriani-Ambrosini toe sou gesê het dat sy 25 jaar plan met wittes is om die temperatuur van die water stelselmatig warmer te maak sodat die koudbloedige paddas nie die hitte voel en uitspring nie maar eers agterkom wanneer hulle alles verloor het.

Ons is nou by 24 jaar in die nuwe staatsbestel. Kruipende onteiening soos minerale regte, waterregte, wapenregte het ons stelselmatig oorspoel en staar ons onteiening van Eiendom sonder vergoeding nou in die gesig. Dit is moeilik om te glo maar selfs nou, in hierdie bykans kokende pot dryf daar steeds paddatjies na bo en poog om met hortende warm asempies die water kouer te blaas en verkondig dat dit nie so sleg is nie. Hierdeur skep hul steeds die ideale klimaat vir die NDR om deur sy verklaarde "dexterity of tact" ongehinderd voort te gaan op sy sosialistiese ontneming van vryheid en eiendom binne die tydskaal. Ons staan nou amper 25 jaar later volgens mnr. Ramaphosa se berekeninge en ons verneem graag wat sy werklike bedoeling was.

Streeksbesoeke deur die dagbestuur.

Namens die dagbestuur van die NR wil ek my dank en waardering uitspreek vir die hartlike manier waarop ons ontvang is tydens die streeksbesoeke die afgelope maand. Elkeen van daardie besoeke was 'n wonderlike ervaring en was dit lekker om weer in die hart van die Afrikanerbond, sy lede te kom.



Dit was 'n voorreg om soveel lede weer persoonlik te ontmoet, blad te skud en om mekaar weer te inspireer en broerskap in sy volheid te ervaar. Hierdie broodnodige interaksie behoort 'n integrale deel te wees van enige nuwe inisiatiewe.

Daar was ruim geleentheid vir lede se insette en menings. Die NR het deeglik kennis geneem van die oorweldigende positiewe reaksie op voorstelle en is dit duidelik dat daar 'n opwindende Bondsraad in die Paarl wag op 7 en 8 Junie 2018. Ons nooi ons lede hartlik uit om die datum aan te teken en saam te kom kuier en te beplan.

Die eeufeesgevoel het ons getref en daar is telkens die behoefte gevoel by van die geleenthede waar daar na die tyd informeel saam gekuier is, om 'n glasie te lig en 'n heildronk te drink op die laaste 100-jaar.

Wees gereed vir die volgende eeu, en wees sterk. ❖

'n Heildronk word in Kimberley gedrink op die AB se eeufeesjaar. (Vnr Dr Johan Scholtz, Voorsitter Noord-Kaap, Brs Dries Wiese, NR Lid Noord-Kaap, Jaco Schoeman, Voorsitter van die Nasionale Raad, Jan Bosman, Hoofsekretaris en Carel Boshoff, Sekundus lid, Noord-Kaap)

Die herposisionering van witmense

Onderstaande is 'n uittreksel uit die April 2018 nuusbrief *The Intersearch Papers* deur Dr Jan Du Plessis. Die betrokke artikel is 'n omvattende ontleding van die huidige Suid-Afrikaanse politieke omgewing : *From a transfer of political power in 1994 to a collapse of governing capabilities in 2018*. Dr Jan du Plessis het toestemming verleen dat die betrokke uittreksel na Afrikaans vertaal kan word.

Herposisionering van witmense

Die posisionering van witmense [in die Suid-Afrikaanse samelewing] oor die volgende paar jaar is van die uiterste belang want hulle kan óf 'n stabiliserende mag óf 'n totale vernietigende komponent word. Ramaphosa sal grootliks verantwoordelikheid hiervoor moet neem want dit sal gedurende sy huidige ampstermyn plaasvind.

Gedurende die verkiesing in 1994 is meeste witmense ter wille van politieke wenslikheid saam gegroep as wit, rassistiese, minderheidslede van die apartheidsregime. Sedertdien het die ANC probeer om hierdie beeld as die vernaamste dryfveer in swart en wit verhoudinge voor te hou.

Die politieke toepassing hiervan het tot die implementering van transformasie gelei, en die gevolg was 'n uittoeg van wit kundigheid en vaardighede uit die staatsdiens en die gelyktydige regerende verval van die nuwe ANC-regering – eers in die staatsinstellings en toe in die samelewing self. Wat hierop gevolg het, was iets buitengewoons: 'n verval van regeringsvermoë gepaardgaande met 'n erosie van mensekapitaal in die bevolking. Die nodige mensekapitaal om die samelewing oor die algemeen te handhaaf en vol te hou, is verkwis. Aan die einde van Zuma se termyn het goeie regering basies in duie gestort – ten spyte van vyf vrye en regverdige verkiesings. Wat Ramaphosa geërf het, was 'n politieke stelsel sonder enige slaanag.

Die uitsluiting van witmense uit die staatsdiens en ander instellings het binne 'n sekere dinamika plaasgevind wat grootliks onbekend aan meeste Suid-Afrikaners is. Teen die tyd toe die verkiesing in 1994 plaasgevind het, was die internet reeds vanaf April 1993 beskikbaar. Toe Thabo Mbeki die wittes uit die staatsdiens gedryf het, het hulle geen ander keuse gehad nie as om die nuwe tendens van die internet te volg en aan die globaliseringsproses deel te neem nie. Hulle kinders het derhalwe na Londen, Kanada en Australië uitgewyk. Die agtergeblewe ouers het betrokke geraak by daardie sektore van die samelewing wat vir hulle belangrik was soos veiligheid, onderwys, gesondheid, kleinsake en kommersiële boerdery. Te danke aan globalisering het hulle die mensekapitaal verwerf om 'n alternatiewe-funksionerende gemeenskap te vorm.

Die witmense van 2018 mag in politieke terme steeds 'n "wit minderheid" wees, maar kragtens mensekapitaal beslaan hulle die volstrekte meerderheid. Hulle is die enigste groep in die samelewing wat volhoubare interaktiewe kundigheid en vaardighede besit wat hulle met gesins- en familielede, en vriende dwarsoor die wêreld deel. Op 'n manier is hulle besig om 'n globale samelewing of 'wêreldstad' te word. Dit is uiteraard 'n nuwe en vreemde verskynsel wat moeilik is om te omskryf. Daar is geen verwysing hierna in die Grondwet nie, en dit bestaan (nog) nie in die woordeskat van enige politieke party nie.

Die witmense van 2018 mag in politieke terme steeds 'n "wit minderheid" wees, maar kragtens mensekapitaal beslaan hulle die volstrekte meerderheid.

Maar, dit wil egter voorkom asof dit juis die wittes is wat die vermoë het om die res van 'n verbrokkelende samelewing te red. Dit het niks te make met getalle in die Parlement of die uitslag van die volgende verkiesing nie. Die wittes het die vermoë om mensekapitaal te genereer en kennis aan hulle oor te dra. Jan van Riebeeck het dit met hom saamgebring as 'n produk van die Renaissance uit Europa in 1652, en dit het tot dramatiese ontploffings in wetenskap en tegnologie aanleiding gegee. Die oorlewing of vernietiging van die land is nou verbonde aan die kwessie van mensekapitaal. Dit kan nie verkoop word nie, en dit kan ook nie genasionaliseer word nie – dit is 'n verworwe vermoë.

Historiese akkoord tussen swart en wit

Wat Ramaphosa na die verkiesing sal benodig, is 'n nuwe historiese akkoord tussen swart en wit, nie ingevolge getalle verwerf in die Parlement nie, maar as 'n evaluering van die mensekapitaal wat benodig word om die samelewing uit die hande van die politici te red. Ramaphosa sal 'n dramatiese verhoging in kundigheid en

(Vervolg op p5)

Die herposionering van witmense (verv)

vaardighede benodig – 'n inspuiting van mensekapitaal – in die samelewing én in die Regering. Ongelukkig het die ANC die totstandkoming van mensekapitaal (onderwys en opleiding) oor die laaste twee dekades tot so 'n mate benadeel dat die bevryding van swartmense jeens 'n gebrek aan kundigheid en vaardighede, nie vanuit die regerende party sal kom nie.

Dit mag dus nou die tyd en plek wees vir Ramaphosa om 'n akkoord met die wit gemeenskap aan te gaan.

Herinstelling van mensekapitaal

Wat wel benodig gaan word om 'n grootskaalse verval van mensekapitaal te voorkom, is 'n herinstelling van mensekapitaal in die samelewing oor die algemeen.

Dit mag dus nou die tyd en plek wees vir Ramaphosa om 'n akkoord met die wit gemeenskap aan te gaan; hulle toetrede of deelname aan die rampspoedige onderwysstelsel mag 'n ommekeer in die stelsel meebring en kan dalk 'n toekoms vir die swart gemeenskap bewerkstellig.

Andersoortige politieke denke nodig

Ten einde dit te bewerkstellig, is 'n andersoortige politieke denke nodig. Dit was deel van die Zuma-nalating dat 'n meerderheid getalle in die Parlement outomaties tot goeie regering sou lei, maar toe Zuma die toneel verlaat het, was dit baie duidelik dat 'n meerderheid in getalle alleenlik tot 'n ramp en die vorming van 'n abnormale gemeenskap kon lei. Die verkiesing in 2019 sal ongelukkig geen positiewe bydrae maak om hierdie wanbalans in die samelewing reg te stel nie.

Die wêreld beweeg aan, en toekomstige voorspoed word nie meer in die Parlement omskryf nie, eerder in die samestelling van die 4de Nywerheidsomwenteling – 'n kennisgedrewe samelewing! Sal Ramaphosa vasklou aan die *struggle*-denke van die verlede of kan hy die skuif maak na 'n kennisgedrewe samelewing en die finale keuse tussen armoede en voorspoed? ❖

Enkele gedagtes oor sosialisme

Deur Johan Mostert

Lid van die Nasionale Raad

'n Toenemende aandrag vir die toepassing van sosialistiese beginsels word toenemend in Suid-Afrika waargeneem. Die huidige vlag van eise om die nasionalisering van grond is maar een van die voorbeelde. Die opmerkings hieronder is slegs 'n bewusmaking oor 'n wye onderwerp wat mettertyd meer volledig deur 'n navorsingsinstelling bespreek kan word.

Sosialisme het baie verskyningsvorme. Twee hoofstrome kan onderskei word, naamlik sosiale demokrasie en kommunisme. Die oorheersende strewe van sosialisme is die skepping van 'n volkome gelyke (egalitariese) gemeenskap gebaseer op gemeenskaplike of kommunale samewerking.

Die sosialisme strewe inderwaarheid na 'n utopie. Daar word geglo dat die mens inherent goed is en gelei kan word tot vervolmaking in 'n volmaakte samelewing. In daardie nuwe samelewing sal daar nie meer ongeregteerdheid wees soos die klassestelsel onder die kapitalisme nie. Mense sal vir mekaar omgee en gelyke lone sal verdien word. Werkloosheid sal iets van die verlede wees en almal sal gelyke geleenthede tot onderwys en toegang tot gesondheidsorg hê. In teorie klink dit uiters aantreklik vir baie mense. Dit is veral die klem op die uitwissing van sogenaamde onreg wat toegeskryf word aan die ongelykhede geskep deur kapitalisme, wat groot aanklank vind by studente en aktiviste.

Daar word deur talle geglo dat swart mense steeds verontreg word en dat die oplossing geleë is in 'n gemeenskap waarin almal gelyk is.

Die passievolle veroordeling van verskille in Suid-Afrika, veral die gaping op ekonomiese gebied, moet teen hierdie agtergrond gesien word. Daar word deur talle geglo dat swart mense steeds verontreg word en dat die oplossing geleë is in 'n gemeenskap waarin almal gelyk is. 'n Klaslose gemeenskap sal onreg uitwis en onderlinge stryd voorkom.

In sy sosiaal demokratiese gedaante word dit vandag aangetref in onder meer die Skandinawiese lande en verskeie Europese politieke partye waaronder die Britse Arbeidersparty. Kommunisme is 'n voortgang na 'n meer radikale vorm van sosialisme waarin gelykheid en sentralisasie van staatsmag selfs met geweld afge-

(Vervolg op p6)

Enkele gedagtes oor sosialisme (verv)

dwing en in stand gehou word soos die geval was in die destydse USSR en sy satelliete. Kommunisme is sosialisme maar nie alle sosialisme is kommunisme nie.

Dit is jammer dat in eie geledere sosialisme, in watter gedaante ook al, as bykans sinoniem gesien word met liberalisme. Verregse webwerwe uit die VSA dra heelwat daartoe by. Dit is 'n dwaalbeeld. Daar is hoege-naamd geen logiese progressie van liberalisme na sosialisme nie. Trouens, die twee konsepte staan lynreg teenoor mekaar. Die voorkeur ekonomiese stelsel van die liberalisme, naamlik kapitalisme, is die teenpool van 'n sosialistiese staatsbeheerde ekonomiese stelsel.

Sosialisme in sy kommunistiese verskyningsvorm het wêreldwyd misluk. Dit laat die vraag ontstaan: waarom is daar dan nog soveel mense in die wêreld en ook hier te lande, wat hunker na sosialisme?

Een van die redes is omdat sosialisme dieselfde aantrekkingskrag as 'n piramideskema inhou. Dit belowe onmiddellike voordele en behoeftebevrediging wat baie aantreklik lyk terwyl die onvermydelike konsekwensies wat noodwendig mettertyd sal volg, heeltemal verswyg word. Mense wat swaarkry kan maklik om die bos gelei word deur te sê dat nasionalisering van die Reserwebank baie meer geld aan hulle sal besorg omdat meer geld gedruk kan word wanneer die "mense" in beheer is; hulle kan maklik oortuig word van die voordele van sosialisme wanneer hulle vertel word dat eienaarskap van grond nie so belangrik is nie en maklik genasionaliseer kan word om aan almal 'n leefruimte te gee; die mite gepropageer word dat swart mense meer geld in die hand sal hê wanneer hulle deur die nasionalisering van groot ondernemings in beheer van die ekonomie sal wees sodat die winste die "mense" sal toekom. Daar is talle meer voorbeelde.

Sosialisme belowe onmiddellike voordele en behoeftebevrediging wat baie aantreklik lyk terwyl die onvermydelike konsekwensies wat noodwendig mettertyd sal volg, heeltemal verswyg word.

Nog 'n rede waarom mense steeds glo dat sosialisme die antwoord is op 'n onregverdige samelewing, is die oortuiging, ook by talle in Suid-Afrika, dat sosialisme tot op hede nog nooit behoorlik toegepas is nie. Die fout wat daar gekom het, was omdat leiers dit verwing het vir eie voordeel. Daarom verdien sosialisme nog 'n kans.

Sosialisme het egter 'n baie swak rekord in die praktyk en dit verbaas dat soveel mense dit steeds steun. 'n Voorbeeld is Venezuela. Enkele jare gelede was Hugo Chavéz een van die voorste ikoniese figure in Suid-Afrika. Witmense was grootliks onbewus van die groot aanhang wat hy geniet het. Hy het Venezuela deur die toepassing van 'n sosialistiese beleid tot totale ondergang gelei. Ten spyte daarvan is hy, hoewel ietwat meer gedemp, steeds 'n heldefiguur figuur onder veral ondersteuners van die EFF.

Sosialiste is ook van die primêre drywers van die sogenaamde Nasionale Demokratiese Revolusie van die ANC. Op hulle 13e kongres in 2017 het die SAKP die volgende resoluë aanvaar: *"Our approach to elections is guided in this phase of the struggle by our overall commitment to advancing, deepening and defending the national democratic revolution – the South African road to socialism; and c. Our strategic objective in regard to state power is to secure not party political but working class hegemony over the state."*

Dat mense gelei kan word om 'n gemeenskap te skep waar selfsug, magsug, gierigheid en ander menslike swakhede en sonde afwesig is, is wensdenkery.

Oor die ekonomie het die SAKP soos volg besluit: *"To ensure that public sector procurement supports and encourages the development and growth of co-operatives. This must also lead to greater socialization of the economy and have direct influence on shaping a shift in the form of modes of production. 5. To support the state led interventions in the economy through massive infrastructure development and the building of productive economic sectors. This should also include expanding state ownership of the commanding heights of the economy."*

Waarom kan sosialisme nie werk nie? Die eenvoudige antwoord is dat hulle idiële wêreld gebou word op 'n onwerklike mite. Die mens is 'n sondige wese. Dat mense gelei kan word om 'n gemeenskap te skep waar selfsug, magsug, gierigheid en ander menslike swakhede en sonde afwesig is, is wensdenkery.

Pogings om sosialisme in die praktyk toe te pas, het juis hierdie werklikheid onderstreep. Die beste illustrasie is die destydse USSR en sy satelliete waar sosialisme gelei het tot magsentralisasie in 'n onderdrukkende diktatuur.



Onteiening sonder vergoeding

Deur Jaco Schoeman

Voorsitter van die Nasionale Raad

Die Afrikanerbond as sekretariaat en sameroeper van die Ad Hoc Komitee vir die Beskerming van Eienomsreg, het weer 'n vertroulike gespreksvergadering belê. Die Ad Hoc groep het op Maandag 19 Maart 2018 byeengekom en is uitermate goed bygewoon deur rolspelers oor die hele spektrum van persone en instansies wat bekommerd is oor Eienomsreg in Suid-Afrika.

Hierdie gesprek is gekenmerk deur harde woorde en geen doekies wat omgedraai is nie. Die gevoel van die meeste was dat OSV (Onteiening sonder vergoeding) 'n ideologiese gedrewe veldtog is wat nie nou gaan stop nie. Daar word onbeskaamd gebruik gemaak van wanvoorstellings en verkeerde inligting, en dit is 'n desperate poging van die ANC om politieke steun te probeer behou. Dit is nie in belang van die land nie maar onverantwoordelik misbruik word vir kort termyn politieke voordeel. Ontnugterde ANC lede wat nog ou waardestelsels, die onderhandelingsproses, die nasionale akkoord en die grondwet in stand wil hou het by hierdie vergadering onomwonde verklaar dat die ANC, ook die president hierdeur gekoop is.

Ter voorbereiding van die Ad Hoc vergadering het ekself en die hoofsekretaris, Br Jan Bosman die parlement besoek en goeie gesprekke met 'n aantal parlementariërs en ook party leiers gehad. Ons is goed ontvang deur Drs Pieter Groenewald, leier van die Vryheidfront en dr Corne Mulder en kon ons ons goeie gesprekke van die verlede voortsit. Ons was veral aangenaam verras met die hartlike wyse waarop mnr Mosiuoa Lekota, leier van Cope, ons by sy kantoor ontvang het en die uitnodiging aanvaar het om die Ad Hoc Groep se vergadering by te woon. (Sien foto) Hy is reeds op rekord oor die teenkating teen Onteiening sonder Vergoeding maar sy pleidooi vir die bevordering van eiendomsregte is veral by die Ad Hoc Groep baie positief verstaan.



Die Voorsitter van die Nasionale Raad, Br Jaco Schoeman saam met mnr Mosiuoa Lekota, leier van Cope

Daar is indringende gesprekke gevoer oor die prosedure om die grondwet te verander, oor twee derde meerderheid of 'n vyf en sewentig persent stemming nodig is, asook kommer oor die nyging by die grondwetlike hof om liever transformasie uitsprake te lewer as beskerming van minderhede se belange. Die meriete van die gewetenstem soos van toepassing in die uitspraak van die grondwetlike hof – UDM v Speaker (saak no. CCT 89/17 (240717)) het ook na vore gekom.

Die proses van openbare deelname is uiteraard as belangrik geag hoewel daar uit die ervarings van die verlede gevind is dat hierdie insette weinig gewig dra. Dit word dikwels bloot net vir die skyn gedoen en skep 'n platform vir politieke retoriek en massa optredes vir diegene wat massa mobilisering gebruik om soms selfs 'n wankelrige standpunt die nodige aansien en regverdiging te gee om deur te druk.

Vanuit die vergadering is meer as 24 voorstelle gemaak of versoeke gerig wat tans deur werkgroepe hanteer word vir koördinerende aksies, leemtes wat identifiseer is en uitvoer waar nodig. Dit sluit die Internasionalisering van die voorgenome grondwetlike verandering in, bewusmakingsveldtogte en dialoog en veral dringende gesprekke. Die dagbestuur van die Ad hoc sal binne dae verdere uitvoering hieraan gee.

Vanuit die vergadering is meer as 24 voorstelle gemaak of versoeke gerig wat tans deur werkgroepe hanteer word vir koördinerende aksies, leemtes wat identifiseer is en uitvoer waar nodig.

Kommer is uitgespreek oor die moedswillige onwaarhede en verdraaide feite wat amptenare, ministers en selfs die President gebruik om onverantwoordelike uitsprake te lewer en as motivering te dien vir OSV. Haatspraak word skynbaar gelate aanvaar en die MRK vind selfs behae daarin.

Dit is ook 'n bron van kommer dat gonswoorde deur segsmanne en vroue, selfs in eie gesprekke, kwistig gebruik word en elkeen sy eie betekenis daaraan gee. Hierdie optrede is verwarrend en die oorsaak van vele misverstande en verrykende gevolge sonder dat die gebruikers daarvan die volle konsekwensies daarvan

(Vervolg op p8)

Onteiening sonder vergoeding (verv)

verstaan. Transformasie, grondherverdeling, voorheen benadeeldes, regmatige eienaars, openbare belang, publieke belang, rassisme, en “teruggee aan ons mense”, is enkele voordele daarvan. Dit was ‘n dringende versoek van afgevaardigdes by die Ad Hoc vergadering dat hierdie wye begrippe duidelik uitgeklaar word en indien nodig volledig toegelig word – ook in die motiverings vir OSV asook ter regverdiging van sulke optredes indien grond wel vir politieke doeleindes onteien moet word.

In die dae sedert ons ontmoeting net meer as 10 dae gelede het ons opnuut bewus geword van die vernietigende effek wat politieke partye soos die EFF op die politieke landskap het. Grondgrype en grondbesettings neig al hoe meer om gewelddadig te wees en is daar telkens groot skade aan openbare en privaat eiendom. Die politieke versekeringe uit regeringsgeledere skyn hol woorde te wees.

Veral neem ons kennis van die bloedige en gru moorde en aanvalle op ons landbou gemeenskap. Haatspraak en opruiende retoriek begin werklikheid word as ons verneem van nog ‘n moord en nog ‘n aanval. Vanuit Australië verneem ons dan met groot waardering van lede van die parlement en regering se opregte bekommernis oor die lot van boere in Suid-Afrika en kan ons maar net kop skud oor die aggressie waarmee dit hanteer word.

“Die stootkrag waarom mense van Suid-Afrika weggaan, is sterker as die trekkrag na die land van hul keuse.” (Bertus de Villiers in: Julle het my droom gesteel. 2010) ❖

NWU Taalbeleid

Die NWU taalbeleid is weer hoog op die agenda. In die pas afgelope week het die Nasionale Raad van die Afrikanerbond eenparig die resoluëie wat ons op versoek van dr Dirk Hermann van Solidariteit ontvang het, ondersteun. Ons plaas graag die volgende gedeelte uit die skrywe en dan die resoluëie waaraan ons ondersteuning verleen.

“Die bekommernis dat Afrikaans as primêre onderrigtaal op die Potchefstroom Kampus gaan verdwyn, word bevestig in ‘n werksdokument wat opgestel is deur prof. Robert Balfour, adjunk-vise-kanselier vir onderrig en leer, wat voorstel dat Engels teen so vroeg as aanstaande jaar die enigste onderrigtaal moet wees. Daar word onder meer voorgestel dat Afrikaanse onderrig as uitsondering hanteer word en dat Sotho-, Tswana- en Afrikaanse studente deur middel van taalhulpmiddels ondersteun word.

Die Universiteitsbestuur voer egter aan dat geen finale besluit nog geneem is nie en dat ‘n raadplegingsproses steeds aan die gang is.

Hulle plaas almal egter onder enorme tydsdruk. Die raadplegingsproses sluit reeds aan die einde van Maart en daar word beoog om ‘n besluit oor die taalbeleid reeds in Junie vanjaar op ‘n raadsvergadering te neem.

Wat by Kovies, Maties en Tukkies gebeur het, het ons van alle naïwiteit rakende mooi-linkende woorde en beloftes wat oor Afrikaans gemaak word, gestroop.

Wat by Kovies, Maties en Tukkies gebeur het, het ons van alle naïwiteit rakende mooi-linkende woorde en beloftes wat oor Afrikaans gemaak word, gestroop.

Ons wil egter die integriteit van NWU se raadplegingsproses toets en wil dit met kommentare oorspoel. ‘n Rekordgetal van sowat 50 000 individue het reeds die onderstaande resoluëie ondersteun. Hierdie resoluëie gaan aanstaande naweek met uitgebreide kommentaar as inset tot die proses ingedien word.

Ons wil egter graag steun vir die resoluëie vanaf ‘n selfs groter Afrikaanse belangegroep uitbrei en wil graag hê dat invloedryke Afrikaanse organisasies en individue hul steun daaraan toesê.”

Die Afrikanerbond se Nasionale Raad ondersteun die onderstaande resoluëie eenparig:

“Hiermee dring ons aan dat:

- Die NWU se bekroonde wêreldklastaalbeleid behou word;
- Afrikaans as medium van onderrig in lesings op voorgraadse en nagraadse vlak behou word en hoege-naamd nie afgewater word nie. Deur die behoud van Afrikaans as onderrigmedium word toegang tot uni-

(Vervolg op p9)

NWU Taalbeleid (verv)

versiteitstudie vir die Afrikaanse taalgemeenskap verseker;

- Die huidige taalaanbod aan die Noordwes-Universiteit eerder uitgebrei word deur nóg taalkeuses te ontwikkel en daarby te voeg;
- Prosesse begin word om Tswana en Sotho tot volledige onderrig-tale te ontwikkel. Op die manier kan toegang tot die universiteit uitgebrei word.
- Die Noordwes-Universiteit Afrikaans as akademiese taal verder uitbou. In die lig van die universiteit se groot Afrikaanse gemeenskap, veral op die Potchefstroom Kampus, is dit logies dat die NWU hierdie gemeenskap se behoeftes rondom taal in 'n taalbeleid hanteer.
- Die NWU-bestuur homself skriftelik verbind tot die beskerming en uitbouing van Afrikaans by die instelling, veral op die Potchefstroom Kampus. 'n Skriftelike ooreenkoms sal 'n bykomende mate van versekering aan die Afrikaanse gemeenskap bied dat Afrikaans as tersiêre onderrigtaal uitgebou en geësig gaan word. “

In die lig van die universiteit se groot Afrikaanse gemeenskap, veral op die Potchefstroom Kampus, is dit logies dat die NWU hierdie gemeenskap se behoeftes rondom taal in 'n taalbeleid hanteer.

Die Nasionale Raad van die Afrikanerbond het op 27 Maart 2018 tydens 'n telefoniese vergadering die versoek tot ondersteuning van die bogenoemde resoluëie bespreek.

Die besluit was dat die Nasionale Raad eenparig ondersteuning verleen aan die resoluëie soos voorgestel deur dr Dirk Hermann oor die taalbeleid by die NWU. Verder verleen elke lid van die Nasionale Raad in persoonlike hoedanigheid ondersteuning aan die resoluëie. Die besluit sowel as die name van ons lede van die Nasionale Raad is op 28 Maart 2018 aan dr Hermann van Solidariteit gekommunikeer en het ons die volgende terugvoer ontvang.

“Ek wil graag persoonlik baie dankie sê vir die steun van die veldtog oor die NWU se taalbeleid.

Sowat 65 000 individue, waarvan 7 000 voornemende ouers en 5100 studente, tientalle invloedryke Afrikaanssprekendes, 20 Afrikaanse organisasies en 15 jaar se studenteraadsvoorsitters het almal die neeveldtog gesteun. Dié steun is ongekend. Ses keer meer mense het aan die konsultasieproses deelgeneem as wat aan die NWU se konsultasie oor die verandering van die universiteit se handelsmerk en kleur deelgeneem het. Alle aanduidings is dat die oorweldigende reaksie nee vir die verandering van die taalbeleid was.

In 'n verdere verwikkeling het die konvokasie van die NWU byna eenparig 'n resoluëie aanvaar waarvolgens die huidige taalbeleid waar Afrikaans en Engels primêre onderrig-tale is, gesteun word. Daar is ook besluit dat die ontwikkeling van Sotho en Tswana as onderrig-tale versnel moet word.

Die reusedeelname aan die konsultasieproses is 'n toets vir die integriteit van die NWU se konsultasieproses. Indien mense in hul tienduisende “nee” sê, is die groot vraag of die NWU steeds “ja” gaan sê. Die universiteit gaan met 'n groot vergrootglas dopgehou word om te sien of daar na die massareaksie geluister word.

Al die reaksies is nou ingedien. Verskeie organisasies het ook eie kommentare ingedien. Die bal is nou weer in die NWU se baan. Nogmaals dankie.”

Dirk Hermann ❖

'n Reis van hoop met die oor op die grond

Deur Gavin Ludick
Lid van die Nasionale Raad

“Die nimmereindigende branders intimideer my, die skuim wat uitspoel en weer terugtrek hipnotiseer my. Ek beweeg nader asof iets onsigbaar my nadertrek... intrek. Soutkorrels versamel in my mondhoeke, growwe sandkorrels tussen my tande. Ek beweeg gehipnotiseerd nader. Die gevaar wink, maar ek het geen beheer daaroor nie. Moet ek voortbeur, moet ek wag of moet ek omdraai en probeer wegstom? Toe ek wakker word, lê ek op die strand... uitgespoel... uitgespoeg!” - Edna Terblanche

(Vervolg op p10)

'n Reis van hoop met die oor op die grond (verv)

In 1996 neem my ouers die besluit om te verhuis na Port Elizabeth en vanaf 'n vroeë ouderdom moes ek leer om in die see te swem en, meer as die swemmer, om die branders te trotseer. Ek moes vroeg leer dat daar drie opsies is wanneer die branders op jou afstorm. Eerstens kan jy omdraai en poog om te vlug van die aankomende gevaar, tweedens kan jy stilstaan en wag of derdens kan jy dadelik optree en die brander tegemoet swem... Die woorde in die gedig hierbo dien as 'n waarskuwing vir ons in Suid-Afrika. Niks kan die aankomende branders stuit nie, maar ons kan bepaal hoe dit met ons gaan as hy verby is. Volgens my is die beste opsie om die brander trompop te storm om sodoende te bepaal hoe goed ek aan die anderkant uitkom. Ons wil nie opeindig as uitgespoegdes op die sand nie.

Ons mag nie uit woede of vrees optree nie, ons mag nie stilstaan en wag of selfs probeer vlug vir hier-

Hier is 'n hele paar groot branders oppad in die nabye toekoms in Suid-Afrika, vir ál die inwoners! As 'n jong Afrikaner hier aan die suidpunt van Afrika raak ek soms bekommerd oor die toekoms as ek sit en kyk hoe my vrou ons babatjie aan die slaap wieg, ek voel jammer teenoor my God, want ek is soms vreesbevange en raak woedend. Die video's en boodskappe oor geweld, misdaad, grusame plaasmoorde ens. op sosiale media maak 'n vuur van woede wakker in my binneste, want ek voel bang en magteloos. Hierdie emosies is menslik, maar ons moet dit kanaliseer en bestuur. Ons mag nie uit woede of vrees optree nie, ons mag nie stilstaan en wag of selfs probeer vlug vir hierdie uitdagings nie.

Ons moet hierdie uitdagings nou aanpak met doelgerigte leierskap, positiewe denke, proaktiewe optrede en in volle afhanklikheid van ons Redder en God. Met hierdie woorde in gedagte wil ek noem dat, volgens my, die Afrikanerbond by uitstek geskik is om die leidende rol te neem in hierdie proses. As jong Afrikanerbond het ek die ongelooflike voorreg gehad om die onlangse, landwyse toer van die dagbestuur van die Afrikanerbond te kon meemaak. Die dagbestuur het, soos 'n kind op die strand, hul oor teen die skulp gedruk om te luister, hulle het ast'ware hul oor op die grond gehou om by elke provinsie uit te kom om die voorgestelde planne en veranderings voor te lê aan soveel lede moontlik.

My ervaring van ieder en elke vergadering was verseker positief en die boodskap van hoop was deurentyd bevestig. Natuurlik is daar vrae en bekommernisse, maar die voorgestelde nuwe rigting en veranderings was oorweldigend positief aanvaar. Die musiek is voorgelê en die grondwerk is gedoen vir 'n hoogs suksesvolle, bepalende Bondsraad waarby die Afrikanerbond die toon moet aangee vir die volgende honderd jaar. Wat 'n voorreg om so 'n groot groep stoere Afrikanerbonders te kon ontmoet en in die oë te kyk. Die Afrikanerbond is 'n hoogs invloedryke, bekwame, passievolle netwerk leiers dwarsdeur Suid-Afrika wat trots is op hul lidmaatskap en elkeen móét glo in hul vermoëns, potensiaal en verantwoordelikheid. Die Afrikaner is al deur groot veranderings, oorloë, foute en skuldgevoelens, maar nou moet ons hierdie aanrollende branders met moed en selfvertroue aandurf.

Die span van Brs Johan Mostert, Jaco Schoeman, Meyer de Jager, Andries Domburg en Jan Bosman het hulself uitstekend van hul taak gekwyt en ek het met groot opgewondenheid die vordering van die jeug bespreek. Hierdie dagbestuurspan van die AB kon hul voorleggings doen en die vriendelikheid, gasvryheid en moeite waarmee ons ontvang is by elke geleentheid was 'n riem onder die hart. Burgersfort, Pretoria, Johannesburg, Potchefstroom, Betlehem, Port Elizabeth, Malmesbury en Kimberley, daar is Broers regoor Suid-Afrika wat aktief besig is met die uitleef van hul Afrikanerskap! Ons mag nie twyfel in die krag en invloed van ons netwerk nie. Ons mag nie vergeet dat dit nou die tyd is om die netwerk te aktiveer nie. Ons mag nie moed verloor nie. Ons mag nie ophou om onself vry te verklaar nie. Ons mag nie...

Hierdie toer deur ons pragtige land het my opnuut hoop gegee, my hart het geswel van trots om deel te wees van die Afrikanerbond en hierdie formidabele netwerk in Suid-Afrika. Een van my grootste vrese is dat van ons lede nie hierdie geloof, trots en vertroue in die AB meer het nie. Die Afrikanerbond moet nou, in ons honderdjarige bestaansjaar, besef dat nuwe uitdagings, geweld, onbeskaamde rassistiese uitsprake en optredes verg dat ons moet glo in onself. Onder leiding van Br Jaco Schoeman, Jan Bosman, die dagbestuur en NR, is die Afrikanerbond ook in 'n posisie om suksesvol hande te vat met die wyer Afrikanergemeenskap, mense en organisasies buite die AB en selfs internasionale vennote. Die Ad Hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsregte is 'n sprekende voorbeeld hiervan en dit opsigself skep hoop.

Ek sien uit na die Bondsraad want ek glo ons het begin momentum bou na afloop van hierdie toer. Daar kom groot dinge wat die onmisbare rol, belangrikheid en relevansie van die AB tot op die volgende vlak gaan neem! Hierdie toer was broodnodig, het weer afdelings landwyd geaktiveer en het lede aan die praat oor die pad vorentoe. Dit is tyd om weer te dien en nie om gedien te word nie, om te gee en nie om te ontvang nie, om ons verantwoordelikheid teenoor Suid-Afrika aan te gryp en die aankomende branders passievol aan te pak! Mag God ons hierin help. Wees Sterk ❖

Moet nie die mentaliteit in die politiek toelaat nie

Deur Jan Bosman

Hoofsekretaris van die Afrikanerbond

Motorbestuurders in Suid-Afrika moet van die skerpste waarnemingsintuïe en vernuf in die wêreld hê. Dit is nie iets waarmee hulle gebore word of 'n natuurlike talent voor het nie. Die waarneming word bloot gebaseer op jare se persoonlike ervaring nadat ek blootstelling in die meeste stede met bestuur ervaar het.

Feitelik daagliks word motorbestuurders gedwing om elke moontlike sintuig in te span om die gedrag van meeste minibus taxi's die hoof te bied. Ons weet mos dat dit nie meer net genoeg is om die belangrike bestuursreël toe te pas om gereeld in die truspieël te kyk nie. Die gedagte was dat jy gereeld in die pad agter jou moet kyk en daarvolgens moet reageer. Deesdae moet mens ook in die regterlaan kyk of 'n minibustaxi nie besig is om die aankomende verkeer storm te loop ten spyte van sperstrepe, blinde hoogtes of swak sig nie.

Daar is een stel reëls vir die normale burger van die land, maar skynbaar 'n totaal ander stel reëls vir politici.

Eweneens moet elke bestuurder ook die sygaardjie links van die motor dophou vir die minibus taxi wat voetgangers en fietsryers laat spaander en oor gemanikuurde grasperke en ander munisipale struikelblokke soos verkeerstekens en afvoer en stormwaterpype pype, hulle pad oopforsier om so gou as moontlik terug te kom op die pad, en in te druk, net om almal weer op te hou as hy passasiers op en aflaai.

Dit is nou benewens die gedrag by verkeersligte waar die lig rooi is, behalwe in die gemoed en optrede van die bestuurder van die minibus taxi. Die neiging is dan maar om by die groen verkeersligte stadiger te ry en waar te neem of daar nie 'n minibus taxi is wat sy rooi verkeerslig by die gegewe kruising ignoreer nie. Ek gebruik doelbewus die manlike aanspreekvorm want ek dink nie ek het ten spyte van baie jare se bestuur en gelyke indiensneming beleide al ooit 'n vroulike minibus taxi bestuurder gesien nie.

Dit is natuurlik nie waar die probleem eindig nie. Ons almal het al 'n taxi gesien wat skielik en sonder enige waarskuwing, asof van nêrens, voor jou inswenk en dan net so skielik stop. Indien daar goeie maniere is, word die nood flikkerligte dan aangeskakel asof dit enige gedrag sal verskoon. Net so is die minute se geduldige wag by besige kruisings of by snelweg afritte in die groot stede geldig is vir almal behalwe ons vriend agter die stuurwiel in die minibus taxi. Die bestuurder van die minibus taxi sal doodluiers by almal verbyry en doodeenvoudig sy pad oopforsier wanneer dit hom pas. Daar is geen sprake van gehoor gee aan enige verkeersreël of dit toepas soos ander padgebruikers nie.

Bogenoemde is 'n lang verduideliking om te kom by die eintlike punt wat ek wil maak. Die gedrag soos bo beskryf, is die minibus taxi mentaliteit. Dit is dieselfde mentaliteit wat toegepas. nee afgeforsier word, in ons daaglikse politieke omgewing. Daar is een stel reëls vir die normale burger van die land, maar skynbaar 'n totaal ander stel reëls vir politici. Dit is mentaliteit wat te vinde is by die aanstokers van rassisme, wat teer op rassehaat wat swart nasionalisme openlik predik ten koste van andere en wat met absolute en blatante ras retoriek die konvensies, nasionaal sowel as internasionaal ignoreer. Dit is hulle wat die grondwet as 'n lastigheid ervaar en hulle eie reëls opmaak soos wat dit hulle pas.

Die mentaliteit wat die bestuurders van minibus taxi's agter die stuurwiel toepas, het in ons daaglikse handel en wandel bekend begin staan as transformasie. In die hedendaagse toepassingskonteks het transformasie 'n kodewoord geword vir al die ongeregtighede en ongelykhede wat tans plaasvind. Tog word transformasie onbeskaamd bevorder en gestoomroller dit ten koste van die gelyke en nie-rassige samelewing wat na 1994 in die vooruitsig gestel is.

Transformasie het 'n kodewoord geword vir al die ongeregtighede en ongelykhede wat tans plaasvind.

IN die aanhef tot die grondwet en ook staan daar tog duidelik dat ons glo "dat Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon, verenig in ons verskeidenheid, en ook in die grondliggende bepalings

- 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep; en
- Die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gegrondves is op die wil van die bevolking en **elke burger gelyk deur die reg beskerm word**; en die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en **die potensiaal van elke mens te ontsluit**; en

(Vervolg op p12)

Moet nie die mentaliteit in die politiek toelaat nie (verv)

- 3(2) Alle burgers is in **gelyke mate-geregtig op die regte, voorregte en voordele van burgerskap** en onderworpe aan die pligte en verantwoordelikhede van burgerskap.

Feitlik alle beleidsraamwerke wat deesdae gepredik word en rasse retoriek wat polarisasie ten doel het, gebruik transformasie as die vertrekpunt van die pleeg van wandade en ongeregthede. Tipies in die aard van die minibus taxi bestuurder en die mentaliteit wat so eie geword het van bestuur op ons paaie.

Wat is ons keuse? Ons het nie 'n ander heenkome nie. Ons kan weg-gewens word, ons kan deur beleid tot tweedeklas burgers gereduseer word, ons kan deur kwetsende optredes seergemaak word, ons bestaan kan verdag gemaak word. Maar weet dit, Afrikaners is al vantevore hierdeur en ons kom elke keer deur hierdie krisis. Die Afrikaners is groter as die huidige ideologiese vertrekpunte, ons is veel groter as die ANC en die EFF, ons is Suid-Afrikaners, mense van Afrika en ons is hier om 'n verskil te maak.

Afrikaners is groter as die huidige ideologiese vertrekpunte, ons is veel groter as die ANC en die EFF, ons is Suid-Afrikaners, mense van Afrika en ons is hier om 'n verskil te maak.

Daarom moet ons met skerper waarneming, 'n tweede en selfs derde instink ontwikkel om die politieke en ideologiese gevare van voor te sien aankom, maar terselfdertyd ook met die oog op die truspieël en blinde kolle met meer vernuf en met groter bewustheid optree in ons omgewing. Gelukkig het ons deur jare se blootstelling aan die minibus taxi's op die pad geleer om so op te tree, ons moet dit net toepas op ons politieke omgewing. Doen dan met elke uitspraak van 'n Julius Malema dieselfde as met die skielike en gevraalike optrede van die taxibus. Haal paar keer diep asem en gaan net onverstoord aan. Ons hoef die tipe gedrag en optrede nooit te aanvaar nie, ons moet net weet hoe om daarop te reageer. ❖

Kom vier ons eeufeesjaar - AB Boek en Bondsraad

Saam met die Nuusbrief het lede ook bestelvorms vir die AB Boek (Broederskap) ontvang. Die boek word in Junie 2018 saam met ons 100-jarige verjaarsdag bekendgestel. Die bestelvorm kan nou reeds teruggestuur word omdat ons 'n aanduiding moet kry van die oplaag boeke wat ons moet laat druk. Lede sal ook in die komende dae 'n skrywe ontvang met meer inligting oor die Bondsraad wat 7 en 8 Junie 2018 in die Paarl gehou word. Teken die datums solank aan. ❖

KKNK ontbyt - 2 April 2018

Vriende

Soos die gebruik vir baie jare is, sal die KKNK ontbyt weer gedurende die kunstefees op Oudtshoorn plaasvind.

Die ontbyt sal plaasvind op Maandag 2 April 2018 om 07:30 by Karoobrou. Dit is by die Klein Karoo Landboukoöperasie op Oudtshoorn. Die koste beloop R120 per persoon. Enige wins sal, soos in die verlede, oorgedra word na die Rapport Onderwysfonds (ROF).

Die spreker is Dr. Danie Langner, Hoof Uitvoerende Beampte van die FAK en Hoofleier van die Voortrekkers.

Bevestig asseblief dringend by Schalk van Vuuren, tel: 083 628 7900 of Willem Knoetze, tel: 082 408 6769 of Deon Joubert, tel: 083 458 0706 indien u die funksie gaan bywoon.

Ons sien uit daarna om u op Oudtshoorn te ontmoet.

Vriendelike groete
Deon Joubert ❖

Kontakbesonderhede vir die Afrikanerbond
hoofkantoor@abond.co.za
www.afrikanerbond.co.za

Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006
Tel: (011) 782-8569 of (011) 782-8627
Faks: (011) 782-1190